



**ASSESSMENT & EXAMINATIONS**

Bundy Park, Schornville, KWT \* Private Bag X 4571, KWT, 5600  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)

## **NSC 2011 CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT</b>	<b>AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE</b>		
<b>PAPER</b>	1		
<b>DATE OF EXAMINATION:</b>	<b>2 NOV 2011</b>	<b>DURATION:</b>	<b>2 HOURS</b>

### **SECTION 1:**

#### **(General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Die meeste van die kandidate het hierdie vraestel redelik goed beantwoord. Net 15.7 % van kandidate het gedruip (vlak 1/ minder as 30% behaal). 53% van die kandidate het meer as 50% (vlak4+) behaal. Oor die algemeen het kandidate beter as in die verlede gevaa. Dis baie duidelik dat leerkragte swakhede van die verlede in hul skole geremedieer het, want dit was duidelik dat daar baie bevordering in die verskillende afdelings gemaak is. Dis baie bemoedigend.

### **SECTION 2:**

#### **Comment on candidates' performance in individual questions**

**(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).**

<b>QUESTION 1</b>
<b>(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?</b>
Oor die algemeen is hierdie vraag redelik bevredigend tot baie goed beantwoord. 64% van kandidate het meer as 50% behaal en net 7% het gedruip. Dis indrukwekkend dat die meeste van die kandidate se vermoë om presiese (kort en bondige) antwoorde te gee, verbeter het, maar daar was wel kandidate wat onnodige sinne/sinsnedes/woorde in hulle antwoorde geskryf het. Dis ook goed om te sien dat kandidate die "oop vrae" wat hulle eie response moes gee beter beantwoord het. Selfs is instruksies soos: Gee (1.3.2) "TWEE agtereenvolgende woorde" en 1.15.1 Gee "EEN kort sin( ens. vanjaar deur leerders uitgevoer. Dis ook baie duidelik dat leerders se begripsvermoë baie verbeter het.



**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Dis duidelik dat daar kandidate was wat nie die hele leesstuk deurgelees het nie, maar hulle lees vraag per vraag en dan probeer hulle die antwoord/e vind. Hulle verwag dat die antwoord op vraag 1 in die eerste paragraaf sal wees of aan die begin van die leesstuk. Al mag dit so wees, moet hulle geleer word om die hele leesstuk deur te lees, want sommige antwoorde verwag dat kandidate verskillende dele/paragrawe moet lees om by die antwoord uit te kom.

Sommige kandidate skryf net sinsnede/s neer i.p.v. sinne of anders om en hulle spel woorde verkeerd wat op die vraestel verskyn.

Baie van die kandidate is nog geneig om lang antwoorde/dele oor te skryf met die hoop dat die antwoorde tussenin sal wees. Hulle moes bewus gemaak word dat as die eerste deel nie na die antwoord (wat later deur die kandidaat gegee is) lei nie, is die antwoord verkeerd.

Kandidate het baie keer kop gekrap by vrae waar hulle hulle eie antwoorde moes gee/woorde moes gebruik het. Hulle beperkte woordeskata het daartoe geleid dat hulle Engelse woorde gebruik en sommige woorde word self verafrikaans. Dit het hulle kanse verskraal om punte te behaal by vrae 1.15, 1.17, 1.20, 1.21 en 1.24.

**(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Leerders moet weet in watter omstandighede hulle die verskillende vorme van lees moet toepas, bv. wanneer om te soeklees , vluglees ens.

Leerkrakte moet meer aandag in die klas skenk aan vrae waar leerders hulle eie opinies moet gee.

Leerlinge moet leer om instruksies te volg .Bv. as EEN WOORD /TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE verlang word , moet hulle NET een woOrd/twee agtereenvolgende woorde neerskryf. As daar meer of minder woorde is, sal die antwoord nie aanvaar word nie.

Leerders moet ook aan die verskillende tipe tekste blootgestel /onderrig en getoets word, bv.brief aan pers, televisieroosters, advertensies, advertensies, strokiesprentjies ens.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Kandidate skryf verkeerd/spel verkeerd oor uit die vraestel.

Sommige leerders nommer nie die antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is nie.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Verslae moet vroeg in die jaar na skole gestuur word sodat ALLE graad 12 onderwysers leerlinge eksamengereed kan maak.

Op die oomblik het net die onderwyser wat merk, die nodige voordeel om hul leerlinge goed voor te berei, want hulle kan die slaggate vir hulle uitwys.

Vakadviseurs kan ook gebruik van matriek merkers/seniormerkers ens. maak om werkswinkels te hou om hulle kennis uit te brei (wys waar kandidate foute began/hoe punte toegeken is ens.)

Streke kan ook reël om gemeenskaplike vraestelle op te stel. Die matriekmerkers kan as eksaminators hiervoor gebruik word.

**QUESTION 2**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

'n Groot persentasie van kandidate het goeie punte in hierdie vraag behaal , sommige selfs volle punte. 51% het meer as 60% (vlak 5 – 7) behaal. Net 8% het minder as 30% gekry. Dit kan heel moontlik toegeskryf word aan die feit dat die vraag gemerk was sonder om vir taalfoute, aanhalings, getal woorde en selfs die vorm (puntsgewys) te penaliseer.

Baie min kandidate het hierdie vraag , soos in die verlede, heeltemal uitgelaat.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Sommige kandidate het natuurlik gedink dat hulle die opsomming in hul eie woorde moet beantwoord en as gevolg van hulle beperkte woordeskaf, kon hulle nie hulself uitdruk nie; daarom het die betekenis van die sinne verlore geraak. So het kandidate punte verloor.

Kandidate is nog geneig om verkeerde feite aan te haal. In plaas daarvan om (soos in hierdie vraestel) om die hoofgedagte te gee, bv. Paragraaf 2 is die hoofgedagte "Dis seer", het kandidate geskryf, "Dis soos honderde bysteke" of "Dis soos 'n boor wat deur jour vel gaan."

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Leerders moet in die klas meer opsomming oefeninge gegee word. Hulle moet onderrig word oor hoe om die regte/nodige feite/inligting (wat die vraag vra) te vind; dus moet hulle geleer word om die instruksies deeglik te lees voordat hulle hierdie vraag begin beantwoord. Gewoonlik is die eerste koëlpunt baie belangrik, want dit vra/sê watter feite of wat leerders moet opsom.

Kandidate moet weet dat hulle punte verloor as daar nie 'n werkwoord in 'n sin is nie.

Leerlinge moet geleer word dat hulle nie twee sinne oor dieselfde feit kan gee nie.

Sommige kandidate het 'n lang aanloop voor hul by die regte antwoord kom , hulle verloor so punte , want slegs die eerste sin by 'n feit word gemerk.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Baie kandidate gebruik nog steeds koeëlpunte , i.p.v. nommers. Miskien verwarring kandidate "koeëlpunte" met "puntsgewys" (punt = bullet).

Sommige oorskry die voorgeskrewe aantal woorde. Stel leerders in kennis dat net 5 ekstra woorde toegelaat word (75 woorde altesaam).

Kandidate moet weet dat hulle punte verloor as daar nie 'n werkwoord in 'n sin is nie. Leerlinge moet geleer word dat hulle nie twee sinne oor dieselfde feit moet gee nie. Sommige kandidate het 'n lang aanloop voor hul by die regte antwoord kom , hulle verloor so punte , want slegs die eerste sin by 'n feit word gemerk.

Eie interpretasies van sinne is in die meeste gevalle baie verwarrend vir die merker, want kandidate skryf nie eintlik wat stuk sê nie. Hulle verander die betekenis van die sin/feit.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Hou werkswinkels by die skool of in streke, sodat onderwysers vanaf graad 9 die presiese assessorering van die opsomming kan leer en leerlinge inskerp, sodat die beantwoording van die opsomming kan verbeter. Aspekte soos punte toekenning kan daar bespreek en verduidelik word.

Opsommings word al vanaf graad 8 getoets , dit is dus onverstaanbaar dat 'n graad 12 kandidaat nog steeds sukkel met die beantwoording daarvan.

\*\* **Leerkragte moet in gedagte hou dat hierdie assessoringsriglyne vir die opsomming geld net vir vanjaar (2011). Dit gaan heel waarskynlik volgende jaar verander word. Miskien gaan leerders vir die getal woorde (verkeerd/nie geskryf nie), taalfoute, die vorm (nie puntsgewys geskryf nie) en aanhalings gepenaliseer word.**

Ons hoop dat Nasionaal die Provincies vroegtydig hieroor in kennis stel.

### **QUESTION 3**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Oor die algemeen was hierdie vraag swak beantwoord . Die vraag was redelik , maar kandidate het dit nie so goed beantwoord nie. Net 23% van die kandidate het meer as 50% (vlak 5 – 7) behaal. 42% het minder as 30% (vlak 1) behaal.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Baie kandidate het dit moeilik gevind om hierdie vraag te beantwoord. Sommige het selfs nul hier gekry.

Sommige het die sin by 3.1. probeer verander om die taalfout reg te maak.

Die meeste kandidate weet nie wat "seksisties" (3.2) beteken nie , en kon dus nie die vraag korrek beantwoord nie.

3.5. was ook swak beantwoord. Die begrippe "denotasie" en "konnotasie" is vreemd vir sommige kandidate.

3.8. Die meeste kandidate het die verkleiningsvorm (pad) vraag verkeerd gekry. Selfs kandidate wat uitstekend gevaar het.

3.9. Kandidate vind dit moeilik om die infinitief te beantwoord. Baie skryf nog "om" in die sin met "behoort".

Dit was ontstellend om te sien dat soveel kandidate nog nie Ontkenning (3.6) baasgeraak het nie. Selfs die sterker candidate het die die Toekomende Tyd of die Verlede Tyd geskryf.

#### **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Sinkonstruksie en woordeskat moet deurgans geoefen word.

Baie matriek onderwysers konsentreer meer op die voorgeskrewe werk en skeep taal af.

Taal moet liewers eers apart geonderrig word bv. Net die Direkte en Indirekte rede moet in 'n taalles onderrig word. As leerlinge al die verskillende aspekte eers onder die knie het , kan taal in konteks gonderrig en getoets word , want dit is hoe dit in die eksamen gaan verskyn.

Aandag moet weekliks geskenk word aan Spelling. Kandidate verloor baie punte by woordstrukture a.g.v. swak spelling.

#### **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Te veel kandidate volg nie instruksies soos :

- As daar gevra word om 'n volsin te gee, dan gee hulle 'n sinsnede.
- Kandidate moet die vrae beantwoord soos dit op die vraestel verskyn.
- Kandidate gebruik nog Engelse woorde in hul antwoorde.

#### **(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Verslae soos hierdie so vroeg as moontlik na skole in die nuwe jaar gestuur word.

Reël werkswinkels en Slypskole op 'n gereelde basis vir onderwysers.

Nooi kenners (matriekmerkers) op die gebied van alle aspekte van taal om hierdie werkswinkels aan te bied.

Taallesse kan baie afgesaag en vervelig wees. Onderwysers moet nuwer , opwindender maniere probeer vind om taal interessant in die klas aan te bied.

Taal (reels) behoort eintlik op Primêre skoolvlak ingeskarp word.

In die matriekvraestel kan leerders drie taalvrae verwag (Vraag 3, 'n

#### QUESTION 4

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question.  
Was the question well answered or poorly answered?

Kandidate het hierdie vraag van gemiddeld tot swak beantwoord. 39% van candidate het hierdie vraag gedruip (minder as 30 % gekry) en net 26% het meer as 50% behaal.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Waar die kandidaat wel 'n poging aangewend het, het hulle spelling hulle in die steek gelaat. Sodoende het hul dus die punt verloor.

Visuele geletterdheid is nog problematies want kandidate kyk nie eens na die strokiesprent , advertensie ens. nie , maar gaan sommer direk na die vrae.

Onduidelike handskrifte het probleme veroorsaak veral by die afkorting . Merkers het soms gesukkel om vas te stel of daar is of nie 'n punt aan die einde van die afkorting nie.

Die merker het ook soms gesukkel om vas te stel of 'n woord vas – of los geskryf is.

Al die taalaspekte in hierdie Vraag moet aandag geniet, veral:

- 4.1 MEERVOUD
- 4.2 INTENSIEWE VORM
- 4.3 VOORSETSELS
- 4.8 AFKORTINGS en
- 4.9 VRAAGSINNE

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Moedig leerlinge aan om elke vraag te probeer beantwoord. As daar bv. 'n meerkeuse vraag is, kies een van die moontlike antwoorde, hul keuse mag dalk net reg wees. Daar is baie candidate wat geen antwoord by hierdie tipe vraag skryf nie.

Leerlinge moet geleer word om ook na die prentjies of die leesstukkie waarin die taalvrae verskyn deeglik deur te lees. Dit help baie om die korrekte antwoord so af te lei.

Onderwysers moet aan leerlinge uitwys hoe vind assessering plaas/hoe punte vir taalstrukture toegeken is, sodat hulle moontlike slaggate kan vermy

Gee gereeld kort Speltoetse in die klas om leerders se spelling te verbeter.

Stel woordeboeke beskikbaar aan leerders in die klas, of laat leerlinge al in graad 8 'n goeie woordeboek koop wat hul tot in matriek kan gebruik en raai hulle aan om die altyd te gebruik.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Leerders volg nie die vraag se spesifieke instruksies nie. Hulle moet spesifiek hieroor onderrig word.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Om te verseker dat Taal onderwysers die verslae wat na skole gestuur word lees, kan dit aan die begin van die jaar by die eerste distriksvergadering van die Vakadviseer (met behulp van ervare matriekmerkers/senior merkers) voorgelees en bespreek word. Baie onderwysers lees nie die verslag las dit net na hulle skole gestuur word nie.

**QUESTION 5****(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Kandidate het die swakste in hierdie Vraag gevaa. Net 19% het meer as %50% verdien en en 44% het gedruip (minder as 30% gekry).

Hierdie vraag het Sinstrukture sowel as Woordstrukture getoets. Die goeie kandidaat het bo-gemiddeld in hierdie Vraag gevaa, a.g.v van hulle goeie taalvaardigheid. Die Vraag was het goeie en 'n verskeidenheid tipe taalvrae behels waar candidate goeie punte kon verdien het, maar die was nie geval nie.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

In hierdie vraag moet alle taalaspekte (soos die geval by Vraag 4 was) aandag geniet.

Dit was baie teleurstellend dat baie candidate eenvoudige afdelings/antwoorde bv. Verbinding met DAAROM, Toekomende Tyd (sal ... groei), Korrekte Vorm (interessant – interessante)

Dringende aandag moet aan die volgende aspekte geskenk word, waar leerders uiters swak gevaa het:

5.1 VERBINDING

5.2 TOEKOMENDE TYD

5.3 KORREKTE VORM (BYVOEGLIKE NAAMWOORDE)

5.4 LYDENDE VORM

5.7 DEELWOORDE

5.8 VERGELYKINGS

5.12 DIE INFINITIEF (BEHOORT ...TE)

5.15 DIREKTE REDE en

5.18 SAMESTELLINGS

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Leerlinge moet ook geleer word om na die prentjies of die leesstukkie waarin die taalvrae verskyn deeglik deur te lees. Dit help baie om die korrekte antwoord so af te lei.

Onderwysers moet aan leerlinge uitwys hoe vind assessering plaas/hoe punte vir taalstrukture toegeken is, sodat hulle moontlike slaggate kan vermy

Gee gereeld kort Speltoetse in die klas om leerders se spelling te verbeter.

Stel woordeboeke beskikbaar aan leerders in die klas, of laat leerlinge al in graad 8 'n goeie woordeboek koop wat hul tot in matriek kan gebruik en raai hulle aan om die altyd te gebruik

Sinkonstruksie en woordeskat moet deurgans geoefen word.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners  
Soos by vorige vraag.**

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Soos by vorige vraag.

**SIGNATURE OF CHIEF MARKER:** \_\_\_\_\_



**SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING**  
*Quest for Excellence through high powered performance*

